Reeds in Mei 1899 het Engelenburg aan Louise Leyds oor Lissabon geskryf en gesê dat dit voor die dae van Georges-Eugène Haussmann (1809-1891)[33] een van die mooiste stede van Europa was, met ander woorde voor die ware modernisering plaasgevind het. Engelenburg sou graag in Lissabon wou woon vanweë sy riviere, die nabygeleë see en binneland, en sy atmosfeer. Engelenburg het die Portugese, ofskoon volgens hom deur en deur "dekadent", aangename mense gevind, geestig en soos met klein nasies, gou op die hoogte van wat buite hulle land gebeur. Die deursnee-Portugees was volgens hom honderd maal genietbaar bo die deursnee-"Yankee".[34]

Engelenburg het gedurende die tyd in Lissabon ŉ waardevolle diens gelewer en hy het Leyds ingelig oor die nuutste politieke ontwikkelinge, ook met betrekking tot die grens tussen Mosambiek en Transvaal. Hy het Leyds ingelig dat die troonrede van Don Carlos (1863-1908)[35] van Portugal op 2 Januarie 1901 allesbehalwe goeie dinge vir die ZAR ingehou het. Dit het daaruit geblyk dat Portugal sy Britse alliansie bevestig het deur via Beira en Lourenço Marques hulp aan die Engelse militêre owerhede te verleen. Die openlike en plegtige bevestiging van die noue vriendskap en alliansie wat beide nasies verenig het en wat deur resente dade kragdadig geaksentueer is, het kommer by Engelenburg gewek. Die teenwoordigheid van die groot vlooteskader in die Taag wat die Britse koningin na Portugal gestuur het, [36] het dus eintlik beteken dat Portugal Brittanje met ope arms ontvang het, ten koste van die verhouding van Portugal met die ZAR.

---

33 Georges-Eugène Haussmann was op sy dag Parys se voorste stadsbeplanner.

34 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – L.W.S. Leyds, 08.05.1899.

35 Don Carlos is in dieselfde jaar as Engelenburg gebore. Hy was die eerste Portugese koning wat vermoor is sedert koning Sebastian se dood in 1578. Don Carlos is in 1908 op 45-jarige leeftyd doodgeskiet terwyl hy saam met die koninklike familie in ŉ oop voertuig gereis het. Sy oudste seun en troonopvolger, prins Luis Filipe, is ook in die aanval dood. Sy jongste seun, die 17-jarige prins Manuel, het ŉ paar dae later die troon bestyg. Manuel se heerskappy is beëindig met die omverwerping van die koninkryk tydens die revolusie van 1910. Manuel het die res van sy lewe in ballingskap gewoon. Hy was die laaste koning van Portugal. Kyk F. Gribble, *The Royal House of Portugal*, pp. 284-285.

36 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Lissabon – W.J. Leyds, 03.01.1901.

Engelenburg het ook verwys na ŉ rede op 21 Januarie 1901 van die heer Ferreira do Amaral[37] (1843-1923). Hy was pas tot die adelstand verhef en sou moontlik as minister van marinesake en kolonies aangestel word. Ferreira do Amaral het dit duidelik gemaak dat hy ŉ voorstander van die alliansie met Brittanje was en het hom ten gunste daarvan uitgespreek dat die vloot vergroot word ter versterking van die Asore en van Kaap Verde.[38] Engelenburg het dit beskou as die nadere verwesenliking van die anglisering van Mosambiek. Hy het gemeen dat die oomblik gunstig was vir die deurvoering van die planne van Brittanje en Duitsland met Mosambiek. As Ferreira do Amaral minister van kolonies word, was die kans goed dat Mosambiek oorgedra sou word of dat ŉ geheime traktaat met Berlyn en Londen beklink sou word. Engelenburg het gemeen dat indien die Britse regering vrede met die ZAR sluit, die moontlikheid daar was dat Portugal, Brittanje en Duitsland reeds planne vir Lourenço Marques in plek gehad het – planne wat nie met Transvaalse belange sou strook nie. Engelenburg het onderneem om Leyds op die hoogte te hou van wat in Portugal gebeur.[39]

Uit sy kantoor in Lissabon het Engelenburg op 2 Januarie 1901 aan Leyds geskryf dat hy ŉ sekere meneer Gerken, verbonde aan die Nederlandse konsulaat, gevra het om na die Portugese koning se paleis te gaan en Leyds se naam in die besoekersboek te skryf. Hy het gemeen dat Portugal, ondanks die Anglo-Portugese alliansie, die ZAR nog erken het.

> Daarom juist dacht ik dat de Transvaalsche gezant zich moet laten gelden ten einde alhier geen stof te geven tot niet-langer-erkenning en ten einde tastbaar te doen blijken van het voortbestaan der Z.A.R.[40]

Engelenburg het gemeen dat dit voordelig was dat Gerken verskeie mense geken het en dit hom nie ontbreek het aan "brutale optrede" nie (volgens Engelenburg in die gunstige sin van die woord). Hy het gevoel dat Gerken nie selfstandig en op eie inisiatief kon handel nie en ook nie goed onderlê was in finansiële sake nie. Engelenburg het gemeen dat daar plek was vir iemand wat in Lissabon eventueel vir die ZAR kon optree wanneer Leyds nie kon nie. Engelenburg het

37 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Lissabon – W.J. Leyds, 03.01.1901.
38 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Lissabon – W.J. Leyds, 03.01.1901.
39 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Lissabon – W.J. Leyds, 23.01.1901.
40 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Lissabon – W.J. Leyds, 02.01.1901.

Gerken egter steeds met foute en al verkies bo die Vrystaatse konsul-generaal in Lissabon, wat volgens Engelenburg ŉ Duitser en niks werd was nie.[41] Dié Duitser was H.P.N. Muller.[42]

Terwyl Engelenburg in Europa gedoen het wat hy kon, het Marie Koopmans-De Wet haar deel in Kaapstad gedoen om die Boere behulpsaam te wees. Sy het dit op haar geneem om geld en goedere wat deur vriende van die Boere in Europa en Amerika ingesamel en aan haar gestuur is, sorgvuldig op te skryf en het toegesien dat dit die Boere-krygsgevangenes en die konsentrasiekampe bereik. Gedurende die jare 1900-1904 het sy ŉ aansienlike som geld ontvang en geadministreer, asook duisende kiste goedere wat in haar huis oorgepak moes word om na die verskillende konsentrasiekampe gestuur te word. Gedurende 1901 tot 1903 het haar woning meer soos ŉ pakhuis as ŉ woonhuis gelyk. Weekliks het die skepe talle kiste met ŉ groot verskeidenheid inhoud in Kaapstad afgelaai en is dit eers na ŉ gehuurde pakhuis gebring, van waar dit dan een vir een na Strandstraat 23 gebring en behoorlik verdeel is na gelang van die bepaalde behoeftes van die verskillende kampe. Met behulp van haar suster en ŉ sekere mej. Nothling was Marie Koopmans-De Wet so te sê dag en nag besig om te verpak, lyste te maak, adresse te skryf, vervoerreëlings te tref, die ontvangs van goedere te erken en die persone aan wie die goed gestuur sou word, te verwittig sodat hulle kon weet wat om te verwag.[43]

**Engelenburg en die Boeregeïnterneerdes in Portugal**

Gedurende sy verblyf in Lissabon het Engelenburg met die Boeregeïnterneerdes in Portugal, wat in ses dorpies rondom Lissabon versprei was, in aanraking gekom. Die geïnterneerdes het op ŉ besondere wyse in Portugal tereggekom. Met die toenemende spanning tussen Groot-Brittanje en die Zuid-Afrikaanse Republiek aan die einde van 1899 het die Portugese regering in ŉ moeilike posisie verkeer. Portugal het met Groot-Brittanje vriendskapsverdrae gehad wat tot 1313 terugdateer het,[44] terwyl hy in Suider-Afrika ook goeie buurskap met die ZAR wou handhaaf[45]

41 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Lissabon – W.J. Leyds, 03.01.1901.

42 Hendrik Pieter Nicolaas Muller (1859-1941) was ŉ Duitse sakeman, diplomaat en voor en gedurende die Anglo-Boereoorlog konsul-generaal vir die Oranje-Vrystaat.

43 F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet*, pp. 207-210.

44 H.R. van der Walt, "Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid (1881-1899)" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 26(1), 1963, p. 179.

deur middel van vriendskapsverdrae wat in 1869, 1871 en 1875 tussen Portugal en die ZAR gesluit is.[46] Die Portugese regering het egter besef dat hy met die oog op die veiligheid van sy kolonies in Afrika dit nie kon waag om teen Brittanje en tot voordeel van die ZAR op te tree nie.[47] Omdat Portugal polities en ekonomies onstabiel en staatkundig verswak was weens 'n wankelende troon, was dit onder daardie omstandighede nouliks denkbaar dat hy enigiets sou doen wat Brittanje kon verhinder om die Boererepublieke in te palm.[48] Dit was wel vir Brittanje duidelik dat selfs die regerende klas in Portugal anti-Brits was en simpatie met die Boere gehad het, maar dat hulle dit bloot om staatkundige en finansiële oorwegings nie in die openbaar verkondig het nie.[49]

Ingevolge artikels 57 tot 60 van die Eerste Haagse Vredeskonvensie, wat op 29 Julie 1899 onderteken is, moes 'n neutrale moondheid wat troepe van vegtende moondhede tydens 'n oorlog op sy grondgebied toelaat, daardie soldate op 'n plek so ver moontlik van die oorlogstoneel interneer. Die geïnterneerdes moes in kampe bewaak of in vestings of ander geskikte plekke opgesluit word om te verseker dat hulle nie weer aan die oorlog deelneem nie. Tensy anders gereël, was die neutrale moondheid om humanitêre oorwegings verantwoordelik vir die verskaffing van lewensmiddele, kleding en hulp aan die geïnterneerdes.[50]

Minder as drie maande nadat ook Brittanje die konvensie onderteken het, het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek. Soos voorheen genoem, is die twee Boererepublieke nie na die Eerste

---

45 J.J. Oberholster (red.), "Dagboek van Oskar Hintrager: saam met Christiaan de Wet Mei – September 1900" in *Christiaan de Wet-Annale* 2, 1973, p. 135.

46 R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815-1910: a study in uneconomic imperialism*, p. 83; en H.R. van der Walt, "Die Suid-Afrikaanse Republiek en die Britse buitelandse en koloniale beleid (1881-1899)" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse* geskiedenis, 26(1), 1963, p. 179.

47 W.J. Leyds, *Eenige correspondentie uit 1899: zoogenaamde 'eerste verzameling'*, no. 99, Gezant, Brussel – Regering te Pretoria, (kode-telegram), 07.08.1899, p. 85. Sien ook H.R. van der Walt, Die Suid-Afrikaanse Republiek en die Britse buitelandse en koloniale beleid (1881-1899) in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse* geskiedenis, 26(1), 1963, pp. 21-23.

48 H.R. van der Walt, "Die Suid-Afrikaanse Republiek en die Britse buitelandse en koloniale beleid (1881-1899)" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse* geskiedenis, 26(1), 1963, p. 181.

49 L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa: 1899-1902*, vol. III, p. 57. Sien ook H.R. van der Walt, "Die Portugese owerheid en die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog" in *Historia*, 11(4), Desember 1966, pp. 231-232.

50 J.B. Scott (red.), *The proceedings of the Hague Peace Conferences: the Conference of 1899*, deel IV van die ooreenkoms, Artikels 57 tot 60, pp. 261-262.

Haagse Vredeskonferensie uitgenooi nie. Hulle was gevolglik nie ondertekenaars van die Konvensie nie.[51] Portugal se afgevaardigde het wel die Haagse Konvensie onderteken en dit is op 4 September 1900 deur die Portugese regering bekragtig. Die Portugese owerheid se vrees dat die Boeremagte by Komatipoort hulle belangrike verbinding met die ZAR sou vernietig of moontlik op Portugese grondgebied met die Britse magte slaags sou raak, het die goewerneur-generaal van Mosambiek, kolonel Joaquim José Machado, in September 1900 laat besluit om geheime agente na Komatipoort te stuur ten einde die Boereleiers te oorreed om oor die Mosambiekse grens te kom en vrywillig die wapen neer te lê. Hulle sou in Mosambiek nie soos gevangenes behandel word nie, maar hulle sou eers ná die oorlog na die ZAR kon terugkeer.[52] Van die Boere het toe besluit om na Mosambiek te gaan eerder as om in die hande van die Britse regering te val. Op 22 September 1900 is vroue en kinders per trein na Lourenço Marques vervoer en die klompie Boere die volgende dag. Onder die burgers was daar dié wat bitter graag die stryd wou voort sit, maar vanweë die feit dat hulle nie oor perde beskik het nie, verplig was om noodgedwonge na Komatipoort te gaan.[53] Volgens internasionale gebruik is die Boere wat die Mosambiekse grens oorgesteek het, deur die Portugese owerheid geïnterneer. Die Portugese van Mosambiek was simpatiek jeens die Boere en het hulle vriendelik ontvang. Tog het die owerheid gewaarsku dat diegene wat sou probeer om na die ZAR terug te keer, gevange geneem of doodgeskiet sou word. Teen die einde van September 1900 was daar meer as duisend Boeregeïnterneerdes in Mosambiek en was Portugal waarskynlik die eerste moondheid wat Artikels 57 tot 60 van die Eerste Haagse Konvensie moes toepas.[54] Die Britse owerheid het by die Portugese owerheid beswaar gemaak dat die Boere in Mosambiek geïnterneer is omdat dit vir die Boere moontlik sou wees om na die ZAR terug te keer en dan weer by die kommando's aan te sluit.

Ná diplomatieke onderhandelinge tussen Brittanje en Portugal is besluit om die geïnterneerdes

[51] NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 07.05.1899.

[52] NASA, Pretoria, LA, vol. 93, deel I, Memorandum van De Commissie voor de Refugees uit de ZAR aan W.J. Leyds, 17.11.1900.

[53] B.J. Viljoen, *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog*, pp. 130-131.

[54] O.J.O. Ferreira, "Portugal en die Anglo-Boereoorlog" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 39(3), Sept./Des., 1999, p. 350.

op koste van die Portugese regering na Portugal te stuur.[55] Ná afloop van die oorlog sou hulle gratis na Lourenço Marques of enige Suider-Afrikaanse hawe vervoer word.[56] Die feit dat Lourenço Marques aan die begin van die twintigste eeu 'n klein hawestadjie was en nie werklik oor die nodige infrastruktuur beskik het om die geïnterneerde Boere te huisves nie, het hulle besluit verder beïnvloed. Daarbenewens het 'n strawwe malaria-epidemie uitgebreek, wat die oorplasing van die geïnterneerdes na 'n gesonder oord noodsaaklik gemaak het.[57] Voor hulle aankoms in Portugal is die Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Comité gestig om die belange van die Boeregeïnterneerdes in Portugal te behartig. Die erevoorsitter van hierdie Comité was Hein Brücher, terwyl die Nederlandse konsul-generaal en terselfdertyd ook waarnemende Transvaalse konsul-generaal in Lissabon, C. George, as voorsitter en J.A. Gerken as visevoorsitter opgetree het. Die lede van die Comité was hoofsaaklik oud-Nederlanders wat in Lissabon gewoon en die geïnterneerdes se belange op die hart gedra het. 'n Vooraanstaande lid van die Comité was F.V. Engelenburg.[58]

Die NZAV in Amsterdam het ook, op aanbeveling van H. Wattel, 'n komitee op die been gebring wat bekend gestaan het as die Nederlandsch Christelik Nationaal Boeren Comité. Die doelstelling was dieselfde as dié van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Comité, naamlik om die geïnterneerdes met raad en daad by te staan. Terwyl Engelenburg se komitee in Lissabon gesetel was, het die Nederlandsch Christelik Nationaal Boeren Comité slegs 'n verteenwoordiger gehad wat in belang van die Boere opgetree het en verslag aan Amsterdam moes doen.[59]

---

55 NASA, Pretoria, LA, vol. 62, deel I, GZR 1/01, gedeelte uit ongedateerde GZR 7394/00, Verslag van H.T.D. de Cock en H.C. de Bruyn Prince.

56 W.J. Leyds, *Vierde verzameling: correspondentie 1900-1902*, deel 1.1, no. 175, Gezant – J.C. Heesterman, Lissabon, 03.04.1901, p. 164. Sien ook LA, vol. 93, deel II ongedateerde vertaling (Nederlands) van die kennisgewing.

57 O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers! Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, p. 65.

58 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein, Oorlogsmuseumversameling: Kmdt. N.J. Grobler, A155/68/1, F.V. Engelenburg, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaça, 04.05.1901; H. Brücher, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaça, 02.06.1901; J.A. Gerken, Lissabon – N.J. Grobler, Alcobaça, 25.06.1901; Sien ook W.J. Leyds, *Vierde Verzameling: correspondentie 1900-1902*, deel 1.1, no. 281, W.J. Geerling, Caldas da Rainha – W.J. Leyds, Brussel, 12.07.1901, p. 279.

59 NASA, Pretoria, LA, vol. 93, deel II, ZZR 1953/01. Sien ook ZZR, R.AI, Snetlage – W.J. Leyds, 28.03.1901; GZR 1953/01, W.J. Leyds – C.E. George, 01.04.1901. Telegram.

Die geïnterneerdes is met drie skepe, die *Benquella,* die *Zaire* en die korvet *Affonso d'Albuquerque* na Portugal gestuur, waar hulle van Maart tot Junie 1901 in Lissabon aangekom het. 'n Aantal siek persone is in 'n hospitaal in Lissabon opgeneem. Die ander is by vyf aanhoudingsplekke ingedeel, nl. Abrantes, Alcobaqa, Caldas da Rainha, Peniche en Tomar.[60] Tien gevangenes (nege mans en 'n seun) wat in die tronk in Lourenço Marques aangehou en met die *Affonso d'Albuquerque* na Portugal vervoer is, is nie saam met die groot groep gestuur nie omdat hulle as ondergrawers van gesag beskou is en dus 'n slegte invloed op die ander Boere kon hê. Hulle is ook nie saam met die ander gevangenes gehuisves nie, maar is na Forte de Sao Juliao da Barra by Oeiras geneem.[61] Engelenburg was teenwoordig by die aankoms in Lissabon van die uitgewekenes wat aan boord van die *Benquella* was. Volgens hom was geen dringende hulp nodig nie. Wat die passasiers van die *Zaire* betref, sou hulp en bystand beskikbaar wees soos nodig. Ene S.A. Smit was onder die gevangenes wat by Oeiras aangehou is. 'n Petisie is in Julie 1901 deur die groep in Oeiras opgestel om na 'n beter oord oorgeplaas te word, maar dit het weens die onwil van die fort se owerheid nie geslaag nie.[62] Smit het daarop namens die groep die verhaal neergeskryf van hoe generaal J.T. Pienaar hulle feitlik gedwing het om oor te gee, maar dat hulle geweier het. Daarom dat hulle as ondergrawers van die gesag beskou is. Hy het die stuk vir Engelenburg gegee, wat gesorg het dat dit in die *Dagblad van Zuid-Holland en 's-Gravenhage* geplaas is.[63] Volgens 'n memorandum van die Kommissie te Lissabon was Pienaar nie 'n opregte verteenwoordiger van die Boerebelange nie, omdat hy aan die goewerneur-generaal in Mosambiek beloof het dat indien hy, sy vrou en hulle seuns in Lissabon kon woon, hy sy invloed sou aanwend om die vlugtelinge in Lourenço Marques te oorreed om hulle aan die Britse regering oor te gee.[64] Pienaar is saam met die geïnterneerdes uit Lourenço Marques na Lissabon oorgebring, waar hy die rol van "generaal" gespeel het, terwyl die meeste burgers hom

60 NASA, Pretoria, LA, vol. 93, deel II, GZR 1953/01. Memorandum.

61 S.A. Smit (namens sy medegevangenes), "Zuid-Afrika" in *Dagblad van Zuid-Holland en 's-Gravenhage (Bijvoegsel tot het Avondblad)*, 19.08.1901.

62 W.J. Leyds, *Vierde verzameling: correspondentie 1900-1902*, deel 1.2, no. 450, pp. 406-407.

63 S.A. Smit (namens sy medegevangenes), "Zuid-Afrika" in *Dagblad van Zuid-Holland en 's-Gravenhage (Bijvoegsel tot het Avondblad)*, 19.08.1901. Sien ook H.J. Emous, "Onbeschermden" in *Algemeen Handelsblad*, 01.02.1902; en NASA, Pretoria, LA, vol. 93, deel I, 94/01, 17.11.1900, in verband met die tien se aanhouding en die feit dat hulle soos misdadigers behandel is.

64 NASA, Pretoria, LA, vol. 93, deel I, GZR 94/01, Memorandum van Commissie – W.J. Leyds, 20.11.1900. Sien ook LA, vol. 93, deel II, GZR 1953/01, in verband met briefwisseling oor die saak.

nie as sodanig erken het nie.[65] Hy het geen invloed of aanhang gehad nie. Kommandant Mostert, met wie Engelenburg ook gepraat het, het nog bietjie invloed op die mense gehad.

Engelenburg het die geïnterneerdes by die verskillende aanhoudingsplekke besoek. Dit het vir hom sindelik en netjies gelyk. Aan mej. M. Berdenis van Berlekom, verbonde aan ʼn hulporganisasie te Middelburg, Nederland, het hy geskryf dat daar ʼn behoefte aan warm onderklere by Caldas da Rainha bestaan het en gevra dat geld gestuur word waarmee goedere gekoop kon word.[66] Hy het aan dr. Leyds geskryf dat die gevangenes se toestand allesbehalwe bevredigend was. Van amptelike vrylating sou wel geen sprake wees nie en van wegloop ewemin. Hy self het hulpeloos gevoel. Volgens Engelenburg het die Portugese alles op eie houtjie gedoen en die behandeling van die gevangenes was van hulle kant goed.[67] Slegs by Caldas da Rainha is gesinne gehuisves. Engelenburg en sy komitee was genoodsaak om sekere huisreëls toe te pas. Dit was onmoontlik om elke gesin van een of meer afsonderlike vertrekke te voorsien en daarom is tydelike gesinskeiding toegepas. Dit was nie maklik om dit by die mense tuis te bring dat die vroue en kinders in afsonderlike slaapsale moes woon nie. Tussen 21:00 en 08:00 was dit ongeoorloof om mekaar oor en weer te besoek. Bedags kon mans by hulle gesinne wees, maar ná 21:00 moes elkeen na sy of haar eie slaapsaal gaan.[68] Op 15 Mei 1901 moes hulle die gebou ontruim omdat dit met die aanbreek van die seisoen weer as ʼn goewermentsbad – daar was ʼn warmwaterbron – met ʼn hotel in gebruik geneem sou word. Die naburige militêre hospitaal is aan die geïnterneerdes beskikbaar gestel.[69]

Onder die geïnterneerdes was Cornelis Plokhooij (1877-1964). Plokhooij het sy opleiding as onderwyser in Nederland ontvang en in 1897 deur bemiddeling van die Nederlandse Fonds ten behoewe van "het Hollandsch Onderwijs in Zuid-Afrika" in die ZAR aangekom. Van 1897 tot 1899 was hy aan die Oost-Eind School in Pretoria onder mnr. Willem Klooster werksaam.

---

65 NASA, Pretoria, LA, vol. 253, deel IV, W.J. Leyds – Edgar Roets. Brief ongedateer.

66 NASA, Pretoria, LA, vol. 823, deel II, F.V. Engelenburg – M. Berdenis van Berlekom, 28.03.1901 en 24.04.1901.

67 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 28.03.1901.

68 NASA, Pretoria, LA, vol. 93, deel II, Memorandum van Commissie – W.J. Leyds, 16.04.1900. Sien ook LA, vol. 93, deel I, Commissie – W.J. Leyds, 12.05.1901.

69 NASA, Pretoria, LA, vol. 93, deel I, korrespondensie oor die saak.



Illustrasie 48: Hotel met warmwaterbron (vandag ŉ hospitaal) in Caldas da Rainha. Boeregeïnterneerdes is eers daar aangehou waarna hulle na die naburige militêre hospitaal verskuif is. Foto: Linda Brink, November 2011.



Illustrasie 49: Die militêre hospitaal waarheen Boeregeïnterneerdes verskuif is. Dit is ŉ paar meter van waar hulle eerste gewoon het. Die gebou het ten tyde van die neem van die foto leeg gestaan. Foto: Linda Brink, November 2011.




Illustrasie 50: Skool van die Boeregeïnterneerdes se kinders te Caldas da Rainha in Portugal, Desember 1901. Onderwysers: J. de Bruijn en R.A. den Ouden.
Bron: NZAV-fotoversameling, Amsterdam.



Abrantes. Gebou waar Boeregeïnterneerdes aangehou is.
Foto: Linda Brink, November 2011.



Illustrasie 51: Abrantes. Woonkwartiere van Boeregeïnterneerdes.
Foto: Linda Brink, November 2011.